Resensies

NÜRNBERGER, K. 2005. **Martin Luther's message for us today: a perspective from the South.** Pietermaritzburg: Cluster Publications.
(*A.W.G. Raath*) 171

PAUL, M.J., *red.*, VAN DEN BRINK, G. & BETTE, J.C. 2005. **Bijbelcommentaar: Leviticus, Numeri, Deuteronomium.** Veenendal: Centrum voor Bijbelonderzoek.
(*H.F. van Rooy*) 173

BURGER, COENIE. 2005. **Ontmoetings met die lewende God: hoe God ons roep, nuut maak – en stuur.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*B.J. de Klerk*) 175

KÖNIG, ADRIO. 2005. **Christelike doop én bekeringsdoop?** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*L. Floor*) 177

GOUS, HENK. 2005. **Om die ondraaglike te dra.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
(*G.A. Lotter*) 179

VAN NIEKERK, ANTON A. 2005. **Geloof sonder sekerhede: besinning vir eietydse gelowiges.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*H.J.M. van Deventer*) 181

BURGER, C., MEIRING, L., VAN NIEKERK, A. & WEPENER, C., *reds*. 2005. **Waar die kerk werk.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*H.J.M. van Deventer*) 184

OZROVECH, SOLLY. 2005. **'n Lieflike offer aan God: 350 gebede vir verskillende geleenthede.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*N.P. Heystek*) 186

Resensies

Nürnberger, K. 2005. **Martin Luther's message for us today: a perspective from the South.**
Pietermaritzburg: Cluster Publications. 326 p. Prys: Onbekend.
ISBN: 1-875053-55-7.

Resensent: A.W.G. (Andries) Raath
Departement Staatsreg en Regsfilosofie,
Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

Hierdie werk het die lig gesien by geleentheid van die 488ste herdenking van die Hervorming op 31 Oktober 2005. Nürnberger se publikasie vloei voort uit lesings en voordragte wat voor verskeie gehore oor 'n hele aantal jare gelewer is. Die selfverklaarde doel van die outeur met dié werk is om die teologie van Luther te interpreteer in antwoord op die konflikte en dilemmas ("predicaments") die afgelope drie dekades van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die outeur skryf dat Luther se teologie 'n belewenis-teologie ("experiential theology") is wat spreek tot almal wat verlang na die lewenskragtigheid van die verkondigde evangelie en die impak daarvan op 'n snel veranderende sosiale konteks. Volgens Nürnberger kan 'n kritiese studie van Luther se teologie 'n unieke bydrae tot ekumeniese insigte en debatte maak, veral dié wat fokus op die kontekstuele relevansie van die teologie.

Hierdie werk is in twee afdelings verdeel: in die eerste afdeling val die klem op die vraag of Luther se teologie vandag steeds relevant is; die Woord van God as lig in die duisternis van die lewe; die aard van die gawe van die geloof; die uitverkiesing; Luther se standpunt oor die Skrif en tradisie; die verband tussen wet en evangelie; die kerk en die vleesgeworde Woord; Luther se standpunt oor die doop as inlywing in die liggaam van Christus en die Nagmaal as 'n viering van die mens se versoening met God. Afdeling twee, wat heelwat korter as afdeling een is, stel vier kwessies aan die orde: die menslike verantwoordelikheid vir God se wêreld (Luther se politieke

etiek); profesie of belydenis; Luther se reaksie op die HIV pandemie en die vraag of Luther se teologie riglyne vir vandag bied.

Die sterk punte van die werk is eerstens daarin geleë dat dit die ingewikkelde temas in Luther se teologie op twee vlakke aan die leser ontsluit: op die eerste vlak hanteer Nürnberger aktuele vrae wat binne 'n Afrika-konteks vir interpretasie en toepassing van Luther se teologie van belang is, byvoorbeeld die vraag tot watter mate 'n teologie wat ongeveer 500 jaar gelede in Europa onstaan het vir 'n Afrika-kontekstuele benadering relevant is. Op die tweede vlak bied elke Hoofstuk 'n oorsig oor 'n bepaalde tema (of aspek) van Luther se teologie (byvoorbeeld die Woord van God in Hoofstuk twee).

'n Tweede sterk punt is dat die outeur die leser via Luther se dogmatologiese standpunte (in Afdeling een) lei tot die dieper en meer kontensieuse aspekte van Luther se kontekstuele teologie. Hierdie teologie is toegepas op resente en aktuele sosiale, maatskaplike en politieke vraagstukke van die tyd (in Afdeling twee).

Derdens stimuleer die outeur belangstelling in Luther se teologie met die oog daarop dat 'n kritiese studie van Luther se teologie 'n unieke bydra tot gesprekke oor etiese vraagstukke in die samelewing kan maak.

Hierdie werk is bedoel vir sowel die ingewyde student van Luther en ander Reformatore se teologie, as vir die nuweling-belangstellendes wat bloot in Luther se standpunt oor bepaalde aspekte geïnteresseer mag wees. Omdat Nürnberger Luther se teologie op verskeie vlakke aan die leser bekend stel en op aktuele vraagstukke van toepassing maak, gebruik hy verskeie tegnieke om sowel die oningewyde as die ernstige student oor Luther te betrek. Elke hoofstuk begin met aktuele en soms uiters reguit vrae oor die betrokke tema. Aan die einde van elke tema lei die outeur die leser tot beantwoording van dieper en meer ingewikkelde problematiek of toepassings, kritiese nadenke oor Luther se standpunte of die gevolge daarvan en handige verwysings vir verdere studie van spesifieke temas.

Vanweë die omvang van Luther se skriftelike nalatenskap en die relatiewe ontoeganklikheid daarvan, het akademiese studie oor Luther se etiese en politieke standpunte, vergeleke met dié van Calvyn, grootliks agterweë gebly. In besonder is dit van Suid-Afrika waar. Derhalwe word die werk van Nürnberger verwelkom en aanbeveel by diegene wat 'n ingeligte belangstelling in die

Reformatoriese teologie en etiek het. Dit word ook aanbeveel by diegene wat, hoewel minder ingewyd in die Reformatoriese perspektiewe op die etiek en politiek, die bydrae van die Reformatore tot die ekumeniese gesprek wil verneem.

Alhoewel die publikasie nie bedoel is as ’n omvattende werk oor die teologie of etiek van Luther nie, is dit jammer dat Nürnberger nie die relevansie van Luther se ekonomiese etiek bygevoeg het nie – ’n aspek van besondere belang in ’n tyd van skerp ideologiese verskille tussen kapitalisme en sterkerwordende pleitredes vir ’n groter sosialistiese inslag op die ekonomiese terrein. Luther was een van die min Reformatore wat ‘n genuanseerde etiese visie op ekonomiese aangeleenthede ontwikkel het.

Die werk van Nürnberger is ‘n onontbeerlike bydra tot die studie oor die Reformasie en hoort op die boekrak van elke Christelike etikus en teoloog wat oor die toepassing van die Reformatoriese beginsels op aktuele lewensvrae besin.

Paul, M.J., *red*., Van den Brink, G. & Bette, J.C. 2005.
Bijbelcommentaar: Leviticus, Numeri, Deuteronomium.
Veenendal: Centrum voor Bijbelonderzoek.
1264 p. Prys: €72. ISBN: 90-77651-00-4.
(Studiebjibel Oude Testament.)

Resensent: H.F. van Rooy
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie kommentaar is die tweede van tien dele wat vir die Ou Testament beplan word. Die ooreenstemmende reeks op die Nuwe Testament beloop sewentien dele. Die beplanning is dat daar elke jaar een deel sal verskyn, sodat die laaste deel in 2013 behoort te verskyn. Die kommentaar is in die eerste plek gerig op gewone lidmate, wat graag van ’n bron wil gebruik maak wat hulle ’n goeie insig gee in wat presies in die oorspronklike taal staan. Predikante sal dit egter ook handig vind vir eksegese en voorbereiding vir Bybelstudiegroepe.

Hierdie kommentaar het ’n heel unieke opset wat die uitleg van die kommentaar betref. Die deel begin met ’n algemene inleiding, waarin die opset verduidelik word. Elkeen van die drie boeke wat in hierdie

deel aan die orde kom, het ’n eie inleiding, waarin die leser in die betrokke boek en besondere probleme wat met die boek verband hou, ingelei word. Die boek word afgesluit met nege aanhangsels (*excursen*), waarin ’n aantal sake van algemene belang vir die drie boeke aan die orde kom. Die sake sluit ’n bespreking in van offers, die begrippe *rein*, *onrein* en *heiligheid*, die sabbatjaar en jubeljaar, die groot getalle in Numeri en seën en vloek, om ’n paar te noem. Die skrywers is goed op hoogte van sake wat in die diskussie is en tree telkens in gesprek met kritiese standpunte. Hulle handhaaf self ’n behoudende standpunt, soos onder andere daaruit blyk dat hulle vashou aan Moses as die skrywer van (die grootste gedeelte) van die drie boeke, alhoewel hulle rekening hou met die moontlikheid van latere redaksionele bywerkings, soos byvoorbeeld die gedeelte oor Moses se dood aan die einde van Deuteronomium. Die outeurs sluit egter nie hulle oë vir problematiese sake nie, soos onder andere blyk uit die bespreking van die probleem van die groot getalle, byvoorbeeld vir die volk van die uittog, in Numeri.

Die uitleg van die kommentaar is sodanig dat dit baie maklik bruikbaar is vir enige leser. Op die linkerkantse bladsy word telkens gegewens aangetref wat die Bybelteks self vir die leser ontsluit, terwyl die kommentaar en aanvullende aantekeninge op die regterkantse bladsy staan. Die bladsy aan die linkerkant bevat vyf soorte inligting. Die belangrikste is dat die volledige teks van die betrokke gedeelte in Hebreeus gegee word, sonder die Massoretiese aksente, maar wel met die Massoretiese vokalisasie. Bokant elke woord staan die nommer (of nommers in die geval van sekere samestellings) van die bekende sisteem van Strong. Hierdie nommers maak dit moontlik om die betrokke woord op te soek in konkordansies of woordeboeke wat van Strong se numering gebruik maak. Baie elektroniese databasisse gebruik ook dié nommers, wat dit dus nog makliker maak om die nommers te gebruik byvoorbeeld om by ’n woordeboekinskrywing vir elke woord uit te kom. Onder elke woord word die betrokke woord in transliterasie gegee, dus in die gewone Latynse alfabet, aangevul deur diakritiese tekens om die Hebreeuse konsonante en vokale van mekaar te onderskei. Dit maak dat diegene wat nie Hebreeus ken nie, die woorde ook kan lees. Hierna volg ’n woord-vir-woordvertaling onder elke Hebreeuse woord, waarin die Hebreeus baie letterlik vertaal word. Regs van die Hebreeuse teks en die aanvullende gegewens, word ’n aantal Nederlandse vertalings van die betrokke gedeelte aangetref. By elke vers word die Statevertaling (hersiene uitgawe van 2002) volledig gegee, aangevul, waar ter sake, met gedeeltes uit vier ander gewilde Nederlandse Bybelvertalings, naamlik die Nieuwe Vertaling

van die Nederlandse Bybelgenootskap (1951, hersiene druk 2000), die Wilibrordvertaling (hersiene uitgawe 1995 – 'n Rooms-Katolieke vertaling), die Groot Nieuws Bijbel (hersiene uitgawe 1996) en die Nieuwe Bijbelvertaling (2004). Die kommentaar self vorm 'n aaneenlopende verhaal, waarin gedeeltes as geheel aan die orde kom, nie noodwendig vers vir vers nie. Aanvullende voetnote onder op elke bladsy, in kleiner druk, hanteer 'n verskeidenheid sake, soos bespreking van woorde, kruisverwysings, verwysings na literatuur en veel meer.

Die kommentaar is in baie eenvoudige Nederlands geskryf, sodat dit maklik toeganklik sal wees vir die gemiddelde Afrikaanssprekende persoon. Die kommentaar self is ook nie uitermate tegnies nie, wat die werk baie geskik maak vir Bybelstudie. Dit kan van harte aanbeveel word vir predikante en gewone gelowiges wat graag 'n beter insig in die oorspronklike Bybelteks wil kry.

Burger, Coenie. 2005. **Ontmoetings met die lewende God: hoe God ons roep, nuut maak – en stuur.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 240 p. Prys: R89,95.
ISBN: 0 86487 448 0.

Resensent: B.J. de Klerk
Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die antwoord op die vraag na die roeping van die kerk en van elke gelowige is vir Coenie Burger een van die sterkste dryfkragte in sy persoonlike lewe. Hy is 'n teoloog wat voor die gesag van die Skrif buig en wat hom daarom verwonder oor die unieke roeping wat van God tot sy kinders kom. In sy skryfstyl is Burger ook met sy voete vas op die aarde. Hierdie boek verwoord die skrywer se ernstige nadenke waarom God elke mens juis op 'n bepaalde tyd hier op aarde gebruik.

In die nagaan van verskillende roepingsgeskiedenisse in die Bybel kom Burger tot die oortuiging dat dit in roeping altyd gaan om

- 'n nuwe ontmoeting met God, waarin mense God op 'n nuwe manier leer ken;

- dat daaruit ’n nuwe verstaan van die persone self en hulle lewensdoel ontstaan; en
- dat mense meestal ’n dieper insig in die volle lewe kry en verstaan waar hulle in hierdie groter geheel van die lewe inpas.

Hierdie drie aspekte vorm die ruggraat van Burger se boek.

Om hierdie aspekte te dek, verdeel hy die boek in vyf groot afdelings: 1) Om geroep te word; 2) Roeping begin altyd by ’n nuwe ontmoeting met die lewende God; 3) Hoe die Here ons as geroepenes aanraak, nadertrek, vernuwe – en stuur; 4) God roep ons omdat Hy die noodkreet uit die wêreld hoor en mense wil red; 5) Ons roeping vandag (as konkretisering van elke dag se roeping).

Veral in afdelings 2-4 is daar pragtige nuwe perspektiewe. God kom na ons op ’n wyse wat eintlik ’n soort patroon vorm, al kan God ons op enige manier ontmoet. Die skrywer bespreek op ’n vars wyse hoe God na ons kom eerstens deur die Woord, ook deur die erediens en in die sakramente, deur ander gelowiges en deur die kerk. God ontmoet ons ook in dade van diens en gehoorsaamheid en op ’n spesiale manier in moeilike tye en in lyding. Ons kan God selfs met ons beperkte verstand ken as lewende God, die God wat omgee en die altyd teenwoordige en troue God. Hierdie ontmoetings met God lei tot ’n persoonlike verhouding. Die ken van onsself vloei voort uit die ken van God en dit gebeur as ons ons nuwe identiteit in Christus aanvaar en begin om daagliks daaruit en daarmee te leef. “As ons regtig vir die Here wil werk en ’n verskil wil maak met wat ons doen, sal ons moet leer om deur sy oë na onsself te kyk.” ’n Belangrike perspektief wat in hierdie boek oopgemaak word, is dat God mense roep, nie ter wille van die geroepene in die eerste plek nie. God roep omdat hy die nood van die betrokke situasie sien, iets daaraan gaan doen en ons roep om as sy instrument daarin mee te werk.

Daarom, wie sy of haar roeping wil hoor en dit voor die Here wil uitleef, moet tot die besef kom dat ’n bewustheid van die Here se teenwoordigheid en werk al die verskil kan maak. Hierdie bewustheid maak van ’n opdrag ’n genadevoorreg en ’n geleentheid.

Die boek is in dertien hoofstukke verdeel wat dit baie geskik maak vir Bybelstudiegroepe om binne ses maande saam te bestudeer. Die stof is van so ’n aard dat oor elke hoofstuk met groot vrug ’n gesprek gevoer kan word en die Bybelse roepingsverhale kan ook nagegaan en daaruit lig gekry word. Die boek het ook waarde vir elke gelowige wat betekenisvol wil nadink oor die sin van sy/haar bestaan en om

te beplan vir die doel wat God hom/haar hier op aarde wil gebruik. Die taal is eenvoudig en daar is praktiese voorbeelde om die argumente kleur te gee. Telkens word interessante aanhalings van skrywers vanaf die tyd van die Hervorming (Luther en Calvyn) tot vandag toe as invoegsels gemaak. Die boek vra ernstige nadenke en daarom sal die leser tyd moet maak daarvoor. Die skrywer betrek met sy boeiende skryfstyl lesers van alle ouderdomme en alle beroepe, want roeping bring jou op die kruispunt van drie lyne: 'n sinvolle verhouding met God, 'n sinvolle hantering van jou eie lewe en 'n sinvolle bydrae tot die lewe daar buite.

König, Adrio. 2005. **Christelike doop én bekeringsdoop?**
Wellington: Lux Verbi.BM. 237 p. Prys: R99,95.
ISBN: 0 79630 336 3.

Resensent: L. Floor
Emeritus: Dept Ou & Nuwe Testament,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Adrio König is 'n bekende in teologiese kringe én by die publiek. In talle boeke en artikels het hy 'n groot aantal teologiese onderwerpe behandel. Wat hy skryf is altyd die moeite werd om te lees, omdat König sy onderwerpe in diepte, hoog wetenskaplik en tegelyk in 'n helder en boeiende styl aanbied.

Dit is bekend dat König al meer as 25 jaar hom intensief in die leer van die doop verdiep het. Sy boek *Strydgesprek oor die kinderdoop* (1979), was 'n soort oorlogsboek, maar dan 'n oorlog soos König dit voer. Op 'n sagte manier benader hy sy teënstander. Dit gaan by König nooit om die persoon nie, maar om die saak waarvoor hy staan.

Hierdie nuutste boek, is ook 'n voorbeeld van die wyse waarop 'n mens met die teënstander op 'n Christelike manier moet verskil. Hierdie boek is 'n gesprek. Ek sou dit nie 'n strydgesprek noem nie, maar 'n bewoë leergesprek, want die skrywer gee algaande onderrig oor die doop. Hy voer die gesprek met sy Bybel byderhand.

König is 'n verklaarde voorstander van die kinderdoop. Hy stel dit ook onomwonde in sy boek en hy verdedig en verduidelik sy standpunt eksegeties en heilshistories op 'n indrukwekkende manier. Vanuit sy eie standpunt benader hy vol begrip die

voorstanders van die volwassedoop of geloofsdoop. Hy voer die gesprek met kennis en met ’n groot begrip en in voeling met die standpunt van sy teenstander.

Twee dinge kenmerk hierdie boek. ’n Mens word getref deur die breedte waarin die onderwerp van die doop behandel word en tegelyk verbaas jy jou hoe die onderwerp van die doop in diepte bespreek word.

Die eerste wat by die lees van hierdie boek opval, is dat die skrywer aantoon dat die Christelike doop ’n groot aantal betekenisse in homself verenig. Dít dwing ’n mens al om jou opnuut in die betekenis van jou doop en in die rykdom van jou doop te besin. König laat ’n mens sien dat daar ’n bykans onuitputlike rykdom in die doop opgesluit is:

Die vereniging met Christus en die inlywing in die liggaam van Christus – die kerk (p. 22-36); die doop bring reiniging en vergifnis (p. 38-41); die ontvangs van die Heilige Gees en die nuwe lewe (Op. 42-47).

Die agtergronde en verbande van die doop word duidelik beskryf (p. 48-59). König staan volledig in die reformatoriese tradisie wanneer hy die doop plaas in die breër raamwerk van die verbond (p. 81-93). Vanselfsprekend kom ook die verhouding tussen die Ou Testament en Nuwe Testament aan die orde (p. 60-80).

Die volgorde geloof-doop in sy omkeerbaarheid, kry volle aandag (p. 122-123). Vir die verstaan van die kinderdoop, is König se siening op die verhouding geloof-doop van deurslaggewende belang is.

Alles word vanuit die Skrif geargumenteer. Hierdie feit maak die boek besonder bruikbaar vir Bybelstudie oor die doop. Die skrywer is nie bang om ook ’n aantal probleme oor die kinderdoop te bespreek nie (p. 119-136).

König ag tereg dooponderrig van die allergrootste belang (p. 137-160). In verband hiermee kry ons ook ’n hoofstuk oor huweliksmodelle (p. 196-210). Hoe die twee by mekaar aansluit is nie so oortuigend nie. Hierdie hoofstuk is meer interessant as relevant. Belangrik is egter die vraag of oordoop regtig doop is (p. 211-221).

Die boek sluit af met ’n hoofstuk oor die bekeringsdoop (p. 222-234). König verduidelik op meer as een plek wat hy met bekeringsdoop

bedoel. Aan die einde van sy boek is ’n ingrypende voorstel of so ’n doop miskien ’n oplossing bied vir gelowiges wat as kinders of as volwassenes na geloofsbelydenis gedoop is en hulle doop graag weer opnuut wil belewe of bevestig.

Aan die einde van die 19de eeu het in Nederland ’n boek oor die doop verskyn van J.A.Wormser, ’n hervormde ouderling in Amsterdam. Een van die bekendste sinne uit daardie boek is: “Leer dan den natie haren doop verstaan en waardeeren – en Kerk en Staat zijn gered.” König se boek bevestig dit.

König wil in sy boek kerke, Pinkstergroepe, die Charismatiese beweging en individue leer om die doop in sy omvattende rykdom beter te verstaan. Hy bied in verband hiermee ook ’n hele hoofstuk aan oor Dooponderrig (p. 137-161). Selfs ’n spyskaart vir ’n gemeenskaplike maaltyd om daarmee die dooponderrig as ’n groep af te sluit, ontbreek nie in die boek nie (p. 160-161).

Niemand behoort hierdie boek verby te gaan nie. Wat hierin bespreek word is in ons hedendaagse tyd van die allerhoogste prioriteit.

Hierdie is ’n boek op die regte tyd, op die juisste manier geskryf en in die debatte oor die doop – onmisbaar.

Gous, Henk. 2005. **Om die ondraaglike te dra.**
Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.184 p. Prys: R79,95.
ISBN: 1-77000-228-6.

Resensent: G.A. Lotter
Vakgroep Praktiese Teologie,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie boek is gebore uit ’n diep persoonlike hartseer en worsteling oor die probleem van lyding en meer spesifiek oor die dood van ’n kind. In kerklike (en ander) kringe was die selfmoord van Janie, die dogter van die moderator van die Wes-Transvaalse Sinode van die NG Kerk en voorsitter van die Algemene Jeugkommissie ’n groot skok, dalk temeer omdat haar pa ’n hoogsgekwalifiseerde pastorale berader is en haar ma ’n kliniese sielkundige.

Ons vind in hierdie boek die diepste emosie van ’n pa wat sy jongste dogter verloor en eerlik daaroor skryf – ook oor die dinge wat dikwels vir Christene taboe is, soos om ’n geveg met God te begin (p. 67) of om te glo dat sy gered is ten spyte van die selfmoord. Soos ouers dikwels maak, kom dr. Henk Gous nie weg van selfverwyt nie en hy wonder of hy nie minder werkverpligtinge moes nakom en meer aandag aan haar moes gee nie (p. 70).

Die skrywer het besondere moed aan die dag gelê deur self die begrafnisrede te skryf (alhoewel sy broer dit voorgedra het). Die boodskap van Romeine 8 kom baie sterk in die boek oor en kitsantwoorde word nie gegee nie. Eerlike vrae word gestel – vrae waarmee mense normaalweg worstel by die dood van ’n geliefde. Hy skryf ook van die motiveringskrag van hartseer en gee ’n mooi perspektief op treur (p. 114).

’n Deel van die boek wat my aandag as huweliksberader besonder getrek het, is die verwysing dat “rou sleg is vir die huwelik” (p. 101). Dit is iets wat pastors, terapeute en beraders ernstig van kennis moet neem. Gous maak ook heelwat van die *man se belewenis* wat anders is as die vrou s’n wanneer so ’n tragedie die familie tref. Baie van die sake waaroor hy skryf, het ’n mens al gehoor en gelees, maar in hierdie boek is dit self beleef, verwoord en goed saamgevat.

Wat die boek aantreklik maak, is nie net die geloofshoek waaruit dit geskryf is nie, maar dit getuig ook van ’n *ingeligtheid oor depressie* – iets waarvan gelowiges maar kan kennisneem, omdat daar nog baie ongegronde mites oor depressie bestaan in geloofskringe!

Die boek is in twee dele gedeel, wat dit besonder nuttig maak: die eerste deel is die beskrywing van die “rou smart” van ’n vader wat sy dogter verloor het en sy emosies en denke daaroor is net so weergegee. Die tweede deel is meer beredeneerd en in die vorm van ’n beradingsriglyn geskryf. Hy noem dit: “Verstaan die gebeure se belewenis.” Hierin stel hy vier doelwitte:

- begrip oor depressie en selfmoord;
- emosionele balans;
- herverbintenis met God; en
- innige bande en ’n ondersteuningsnetwerk.

Die laaste hoofstuk word genoem *saamleeffase.* Hierin word die resultate van Janie se dood uitgespel en gevra: wat nou vorentoe?

Die eerste gedeelte (waar sy eie emosies beskryf word) kan soms die indruk skep van abruptheid en telegram-agtigheid, wat deels te doen het met die poëtiese styl wat hy volg: kleiner en groter lettertipe, geplaas op verskillende plekke op die bladsy en ander ongewone aanbiedingstyle.

Twee van die roerendste verwysings, vind 'n mens op p. 46 "*ek wou haar trou, nie begrawe nie*" en op p. 125 in die deel oor afsluitings: "*Janie woon nie meer hier nie*".

Hierdie boek van Henk Gous is 'n boek met besondere meriete – nie net omdat hy sy diepste wese en rou openbaar nie, maar omdat hy tog met 'n sterk Bybelse boodskap van hoop kom en troos wat nie uitsigloos is nie (p. 91).

Enige persoon wat 'n geliefde deur die dood verloor het, op "natuurlike" sowel as "onnatuurlike" wyses soos selfmoord, geweldsmisdaad of moord, sal besondere troos kan put uit hierdie werk.

Die boek verskaf nie leesstof wat soetsappig en net emosioneel is nie, maar hierin is 'n diepe begronding in die Skrif en die reformatoriese teologie. Na my mening is dit 'n gebalanseerde boek wat baie vir mense in rou kan beteken. Al is die omstandighede anders in die geval van selfmoord, bly van die geloofs- en ander vrae dieselfde en gaan die agtergeblewenes dikwels deur soortgelyke krisisse – en hierdie boek kan hierin 'n leemte vul. Die boek word sterk aanbeveel.

Van Niekerk, Anton A. 2005. **Geloof sonder sekerhede: besinning vir eietydse gelowiges.** Wellington: Lux Verbi.BM. 255 p. Prys: R99,95. ISBN: 0 7963 0386 X.

Resensent: H.J.M. (Hans) van Deventer
Vakgroep Teologie, Skool vir Basiese Wetenskappe,
Vaaldriehoekkampus, Noorwes-Universiteit

Die titel van hierdie boek trek dadelik die aandag en roep die vraag op: is geloof sonder sekerhede hoegenaamd moontlik in die lig van ons gereformeerde belydenis (vgl. HK vr./antw. 21)? Van Niekerk fokus in hierdie boek op ander aspekte van geloof as daardie wat ons tradisioneel na die belydenisskrifte herlei. Die klem val veral op

die lewe wat nie bloot voortvloei uit geloof nie, maar deel is van geloof. Die boek bestaan uit ŉ inleidende hoofstuk met die titel "Geloof in onseker tye", gevolg deur twee afdelings waarin die soeke na ŉ eietydse geloof, asook geloof en lewensin in die praktyk aandag ontvang.

In die inleidende hoofstuk kom aspekte van die tradisionele gereformeerde belydenis wat nie "resoneer met ons breë intellektuele en kulturele oriëntasie" (p. 16) nie, onder skoot. Dit sluit onder andere in die letterlike verstaan van Genesis 1-3; erfsonde; en die maagdelike geboorte. Van Niekerk wil krities glo, terwyl hy steeds die band met "ons gereformeerde nalatenskap" (p. 23) behou. Hy voel hom nie tuis in die Nuwe Hervorming-beweging nie, onder andere vanweë hulle beroep op "nuwe sekerhede" (p. 27) op grond van Bybelwetenskaplike navorsing. Van Niekerk spits hom eerder toe op ŉ "herontdekking" (p. 29) van insigte uit die tradisie wat langs die pad verlore geraak het.

In die eerste afdeling ontwikkel Van Niekerk ŉ eietydse geloofsbegrip. Hy stel eers aan die hand van hedendaagse verstaansteorieë voor hoe die Bybel gelees kan word. In ŉ volgende hoofstuk word, na aanleiding van drie naturalistiese teorieë, ondersoek ingestel na die vraag: Waarom glo ons? Van Niekerk kritiseer die naturalistiese sienings en stel in die plek daarvan die gedagte van God as misterie. Misterie word nie hier gekoppel aan ontoeganklike (Gnostiese) insig nie, maar dien eerder as herinnering aan die voorlopigheid en beperktheid van menslike insig in die goddelike. In ŉ volgende hoofstuk kontrasteer die skrywer, aan die hand van die (vergete?) insigte van Desiderius Erasmus, geloof as teoretiese kennis met geloof as lewenswyse. Ooreenkomste en verskille tussen Erasmus en Luther word aangedui. In die lig van die skrywer se teikengehoor en konteks, sou die werk gebaat het by die verdere postulering van moontlike ooreenkomste en verskille met Calvyn, asook Erasmus se invloed op en verskille met die Anabaptiste. Die eerste afdeling word afgesluit met ŉ hoofstuk waarin die klem val op Jesus se leer en lewe en waaruit dit volg dat geloof omskryf kan word as lewe in die liefde vir ander. Die fokus is weg van eiebelang en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir "ons wêreld en ons medemens" (p. 110).

Die tweede afdeling is nie oral so uitdagend soos wat die titel van die boek suggereer en in die eerste afdeling aangebied word nie. Die skrywer wy hierdie afdeling aan die praktiese implikasies van die eietydse geloofsbegrip, waarvan hy enkele buitelyne in die eerste afdeling uitgestippel het. Hoofstukke word aan die volgende sake

afgestaan: God en lyding; MIV/VIGS en armoede; geloof en wetenskap; die biomediese rewolusie; en die dood.

Met inagneming van die fokus op die lewe en die gerigtheid op die medemens waarmee van Niekerk die eerste deel van die boek afsluit (p. 108-111), is dit ŉ leemte dat hierdie perspektief nie duidelik deurgetrek word na die tweede deel, waarin die praktiese implikasies van die geloofsbegrip aan die orde kom nie. Veral in die hoofstuk oor lyding mis ŉ mens iets van die perspektief dat ons geroep is om daar te wees, God te verteenwoordig en die lydendes by te staan. In die bespreking van MIV/VIGS en armoede kom iets meer hiervan tereg (p. 157 e.v.), maar ook hier kon ŉ sterker redaksionele hand die skrywer gehelp het om herhalende en selfs oortollige gegewens, wat nie direk met die eerste afdeling verband hou nie, weg te laat. ŉ Volgende hoofstuk word gewy aan "Geloof en Wetenskap". Die eiesoortige aard van dié twee entiteite word belig en in kontras gestel, terwyl die gangbare gebruik om "wetenskap" met "natuurwetenskap" te assosieer, gehandhaaf word. Die skrywer kon die rol van interpretasie (p. 193) by die verwerwing van geloofs- *en* wetenskaplike kennis verder uitgewerk het. Myns insiens kan die debat heelwat vorder indien albei groeperings meer erns maak met hierdie geesteswetenskaplike element. Die hoofstuk wat handel oor biomediese etiek gee ŉ oorsig van die brandende vraagstukke in daardie veld. Van Niekerk navigeer tussen die rotse van enersyds ŉ reëlmoraliteit en andersyds utilitarisme deur, om ons uit te bring by ŉ toekomsgerigte etiek van verantwoordelikheid. In die laaste hoofstuk, wat handel oor die dood, kom die temas van die eerste deel van die boek weer aan die orde. Die skrywer teken duidelik hoe min ons weet van die dood en wat daarna wag, of nie wag nie. Vanuit Jesus se bediening lei hy af dat die lewe anderkant die graf nie van soveel belang is nie, as "die vermensliking van die lewe wat ons hier en nou saam met mekaar lei" (p. 234). Hierdie hoofstuk vorm ŉ gepaste afsluiting vir die boek, veral vanweë die inskakeling van die argument by die eerste afdeling.

Die boek is tegnies goed versorg en net enkele setfoute is opgemerk (bv. More se sterfdatum op p. 81 moet lees 1535 en nie 1835 nie; die apokaliptiese geskrif waarna op p. 183 verwys word, is die apokriewe boek 4 Esra en nie Esra nie). Die boek is in ŉ populêr-wetenskaplike styl geskryf met uitgebreide bronverwysings wat in "Endnotas" gelys word. Met ŉ bietjie moeite kon die skrywer die outeur van die artikel waarna in endnoot 59 verwys word, as James D. Tracy geëien het. Dele van die boek is ook as artikels in teologiese vaktydskrifte gepubliseer (vgl. *NGTT*, 46[3 & 4]:597-622).

Teologiese studente sou in dogmatiek-, etiek- en hermeneutiek-klasse oor aspekte van hierdie boek met vrug kon debatteer.

Diegene wat glo dat hulle geloofstuiste die beste (en enigste) in die woud is, sal deur hierdie boek ontstig word en moet dit dalk eerder vermy. Mense wat baie lekker bly en gelukkig is in hulle geloofshuis, maar ook wonder hoe ander huise in die woud lyk, sal in hierdie boek 'n brosjure van ander moontlikhede kry. Sommiges sal dalk aan die hand van hierdie boek in die bospaadjies begin ronddwaal en na 'n stimulerende stap terugkeer, verryk deur nuwe vistas. Enkeles mag selfs nie weer terugkom nie ...

Burger, C., Meiring, L., Van Niekerk, A. & Wepener, C., *reds*.
2005. **Waar die kerk werk.** Wellington: Lux Verbi.BM.
192 p. Prys: R99,95. ISBN: 0 86487 450 2.

Resensent: H.J.M. (Hans) van Deventer
Vakgroep Teologie, Skool vir Basiese Wetenskappe,
Vaaldriehoekkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie populêre werk begin (p. 15-28) en eindig (p. 164-176) met 'n prinsipieel-gereformeerde besinning oor die werk van die kerk. Die teologiese raamwerk is in eenvoudige taal geskryf en bied onbeskroomd die Bybelse fondament vir die kerk se dienswerk in die wêreld. In die eerste hoofstuk herinner Van Niekerk ons daaraan dat ons nie "vir God op ons pad moet kry nie, maar dat ons op God se pad moet kom" (p. 23). In die laaste hoofstuk wys Burger en Wepener ons weer op ons totale afhanklikheid van God in ons koning-, priester- en profeet-wees (p. 166, 174).

Tussen hierdie twee stewige, prinsipiële hoekpilare fokus die ander hoofstukke afsonderlik op die volgende uitdagings in die samelewing: moraliteit, bemagtiging, armoede, misdaad, MIV en VIGS, asook versoening. Die eerste deel van elke hoofstuk bevat telkens die siening van een van die kundige skrywers oor die betrokke uitdaging, gevolg deur praktykverhale deur verskeie ander medewerkers van hoe daardie probleem die hoof gebied word. Alhoewel daar in die inleiding tot die boek (p. 9) gestel word dat die samestellers die skrywers "vryheid" gegee het wat inhoud en samestelling betref, kry 'n mens soms die idee dat die skrywers oor grondliggende sake, soos Westerse demokrasie (p. 47 en 68),

ontwikkeling (p. 47 en 72) en opvoeding (p. 54 en 98) van mekaar verskil. Hierdie werk is sterk praktykgerig en ongelukkig bly hierdie verskille in die lug hang. Die inleidende besprekings by elke hoofstuk is van wisselende gehalte (die hoofstuk oor versoening staan vir my uit bo die ander), maar bied telkens toepaslike inligting en stem dikwels tot verdere nadenke.

Die boek sluit af met 'n nuttige bylae van bestaande projekte en kontakbesonderhede (p. 177-191). Hierdie bylae verhoog die praktiese nut van die boek aansienlik en bied 'n noodsaaklike fondament waarop kerke verder kan bou.

Die boek is geskryf vanuit 'n blanke Afrikaanse perspektief en fokus dus op 'n betreklike klein deel van die kerk in Suid-Afrika. By die inleidende besprekings van elke hoofstuk, wat telkens 'n ander uitdaging aan die orde stel, wek hierdie perspektief die idee van afstand, sonder dat die wese van die probleme vanuit ander perspektiewe altyd die nodige aandag kry. Die bydrae van Du Toit oor versoening (p. 140-156) is egter 'n uitsondering in hierdie verband. Die praktykverhale waarmee elke hoofstuk afsluit, slaag verder daarin om hierdie afstand grootliks te oorbrug (kyk bv. die praktykeverhale rondom MIV/VIGS op p. 134-139).

Tegnies is die boek goed versorg en dit lees maklik. Slegs enkele kleiner tegniese foute is opgemerk, byvoorbeeld by die grafika op p. 118 ("aan vigs geleef het" moet lees "aan vigs gesterf het", asook die foutiewe getal sterftes wat vir Noord- en Latyns-Amerika aangegee word).

Die boek is gerig op 'n populêre teikengehoor en bied praktiese riglyne met betrekking tot die dienswerk waartoe die kerk (dit is elke gelowige) deur die Koning, Jesus Christus, geroep is. Benewens die feit dat elke gelowige hieruit praktiese waarde sal put om die nood in hulle onmiddellike konteks te help verlig, moet predikante en diakens in besonder daarvan kennis neem. Sodoende kan hulle gelowiges ook toerus vir hulle dienswerk. Die kerk is geroep om suurdeeg in die wêreld te wees. Dit is 'n moeilike opdrag waarvoor ons maklik terugdeins met die verskoning "ons weet nie wat om te doen of waar om te begin nie". Hierdie boek neem daardie verskoning vir goed weg. Ek kan dit van harte aanbeveel.

Ozrovech, Solly. 2005. **'n Lieflike offer aan God: 350 gebede vir verskillende geleenthede.** Wellington: Lux Verbi.BM.
392 p. Prys: R109,95. ISBN: 0 7963 0378 8.

Resensent: N.P. Heystek
Emeritusleraar Gereformeerde Kerk Wapadrant

Die bundel bevat 350 verskillende gebede, feitlik 'n gebed vir elke dag van die jaar. Die gebede is oor 'n bedieningstyd van 49 jaar deur ds. Solly geskryf. Die skrywer/bidder het baie van sy gebede deur die loop van dekades skriftelik geformuleer met die doel om enersyds sy gebedsgroei te stimuleer en andersyds formalisme, verenging en geykte herhalings te voorkom. By die lees van die gebede tref dit hoe uitnemend in hierdie doelwitte geslaag is.

Die 350 gebede, so omvattend soos die lewe self, is groepeer onder sestien subtitels, onder andere: Geloof hoop en liefde; Lig in donker dae; Natuurskoon; Kinders; Studerende jeug; Bejaardes; Rondom die gemeente; Vrugte van die geloof; Ons land en sy mense; Gesinsake en Gang van die jaar. Uiteraard is die God tot wie en die lewe waarom gebid word, baie groter, ryker en divers as hierdie sestien subtitels. Dit bring mee dat die gebede, soos ingedeel onder die subtitels, soms ietwat kunsmatig en gedwonge is. Ondanks hierdie probleem is dit nogtans moontlik, om die saak te vind waaroor gebedsleiding benodig word.

Agterin die boek is 'n Bybelse teksregister wat baie hulp bied. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die gebedsmodelle nie op die aangehaalde Skrifteks as sodanig gegrond is of daardeur begrens word nie. Die gebede is eerder na aanleiding van 'n Skrifteks of 'n aanverwante saak opgestel. Die gebede gaan daarom feitlik deurgaans wyer as die Skrifteks, met 'n bepaalde fokus in gedagte.

As sametrekking van elke gebed is daar 'n toepaslike en soms baie pittige en raak aanhaling van spreuke wat deur die jare versamel is. Hierdie aanhalings uit die Skrif en van erkende Christelike skrywers, predikers en voorgangers, dra 'n groot deel by tot die waarde van die boek. Baie waarhede, insigte en wyshede is in hierdie aanhalings te vind.

Gebed is onmisbaar in die lewe van elke gelowige. Die skrywer verwys in sy voorwoord na die gebede van Christus onder alle omstandighede, soos by sy bevestiging in die amp (Luk. 3:21-23), by die kies van sy dissipels, in die oomblik van sy grootste krisis (in

Getsemane, Luk. 22:39-46) en die gebede aan die kruis (Luk. 23:34 e.v.). Jesus vermaan ons ook daarom met woorde soos: Julle ontvang nie, omdat julle nie vra nie; Daar word nie vir julle oopgemaak nie, omdat julle nie klop nie.

Inderdaad is die Bybel by alles ook ’n gebedsboek – die enigste ware gebedsboek: vol van die gebede van Jesus en gebede van baie gelowiges wat gelei, onderrig en geïnspireer is deur die Heilige Gees. Dis egter ook so dat die Heilige Gees in elkeen van ons lewe medegelowiges gebruik om ons te leer bid vir en met ons eie tyd. Hierin lê veral die waarde van hierdie gebedsboek. Dit is geaktualiseerde, Bybel-gefundeerde gebede.

Op die keper beskou wil hierdie gebedsboek egter nie ’n handleiding vir gebede wees nie, eerder ’n getuienis, ’n voorbeeld, ’n riglyn van hoe iemand gebid het wat vir baie jare naby God gelewe het. Elke bidder besit ’n eie spiritualiteit en selfs eie geloofsaksente, wat in eie persoonlike gebede na vore kom. Ons moenie soos ander probeer bid nie, want dan verloor ons gebede egtheid en word alles ’n opgesmukte vertoon.

Tog kan ons ook baie van mekaar leer, veral as dit kom by die stryd teen verenging, selfsug, eiebelang, egoïsme en formalisme. Ons gebedslewe is alleen gelukkig en geseënd as dit primêr gaan om die eer van God, die heil van ons naaste en die koms van die Godsryk. In die koninkryk van God neem elke gelowige ’n eie plek, funksie en roeping in. Ons kan egter nie op ons pos bly staan en geseënd funksioneer sonder voortdurende gebed nie. ’n Lieflike offer aan God probeer hierdie gerigtheid deurentyd handhaaf.

Hierdie gebedsboek word met graagte aanbeveel. Dit is ’n nuttige binnekamerboek vir elke bidder. Dis veral ook baie bruikbaar vir onderwysers, leraars en ander ampsdraers, leiers op skool en universiteit, ouers en kategete – vir almal wat graag in hul gebedslewe wil groei. Binne hierdie raamwerk is dit ’n baie bruikbare boek.